**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 5: 33 – 37
Teks: **Mattheus 5:37**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 100:1,4**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 105:6; Ps. 19:5; Ps. 119:13,19; Ps. 86:6**

**<u>Mattheus 5: 33 – 37</u>**

Mat 5:33 Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie jou eed verbreek nie, en 'n eed in die Naam van die Here moet jy nakom.'
Mat 5:34 Maar Ek sê vir julle: Moet glad nie 'n eed aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is die troon van God;
Mat 5:35 nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete; nie by Jerusalem nie, want dit is die stad van die groot Koning.
Mat 5:36 Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie.
Mat 5:37 Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.

**<u>Skriflesing:</u>** Mattheus 5: 33 – 37
Teks: **Mattheus 5:37**
**Sing: VOORAF SANG – Ps. 100:1,4**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 105:6; Ps. 19:5; Ps. 119:13,19; Ps. 86:6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die vorige kere het ons duidelik gehoor dat Jesus nie gekom het om enigiets van die Wet van die Here weg te neem, maar Hy het gekom om dit te vervul. In Christus kry die Wet in alle opsigte sy volle betekenis. Jesus het reeds die sesde en die sewende gebod in sy diepere betekenis vir ons laat saamtrek. Hoe maklik gebeur dit dat ek met die mond heimlike moord kan pleeg. Met gedagtes woorde en dade kan moord plaasvind. Dan het Jesus ook die sewende gebod in Hom laat saamtrek. Hoe ons hierdie gebod ook met onkuise dade, gebare, gedagtes woorde en luste en baie dinge op seksuele gebied kan oortree. Ons belydenis in die Kategismus stel dit duidelik dat ek alle dinge wat ons hierin kan verlei moet vermy. Ons liggaam en siel is tempel van die Heilige Gees en daarom moet ek beide rein en heilig bewaar.

***

Die gedeelte wat ons vandag gelees het, is waar Jesus weer in meer besonderhede met die Wet van die Here besig is. In baie opsigte is die derde gebod ter sprake. In Sondag 36 V/A 99 is ons belydenis ook hierin duidelik. As die vraag gevra word, ***Wat eis die derde gebod?*** Dan antwoord ons - **Ons mag die Naam van God nie laster of misbruik deur te vloek, deur 'n valse eed of deur onnodig te sweer nie . Verder mag ons nie deur stil te bly of dit toe te laat ons aan sulke verskriklike sondes skuldig maak nie. Kortom, ons mag die heilige Naam van God nie anders as met vrees en eerbied gebruik nie, sodat Hy deur ons reg bely, aangeroep en in al ons woorde en werke geprys word.** Vraag en antwoord 100 wys op die erns van hierdie gebod. Ons belydenis stel aan ons die vraag - ***Is dit dan so 'n groot sonde om die***

***Naam van God te laster deur te sweer en te vloek dat God Hom ook oor elkeen vertoorn wat hierdie sonde nie sover moontlik teëgaan en verbied nie?*** Die baie ernstige antwoord by die deel van ons belydenis stel dat ... **Ja, seker, want geen sonde is groter en vertoorn God meer as die lastering van sy Naam nie. Daarom het Hy ook beveel om dit met die dood te straf.**

**

As ons belydenis so ernstig rondom hierdie gebod handel dan kan ons nie anders as om te aanvaar dat Jesus ook baie ernstig hier rondom sou wees nie. Ons lees ook Jesus se woorde en optrede uit die agtergrond van hoe die Jode na hierdie gebod gekyk het. Veral as ons uit Mattheus lees dan speel Mattheus se eie agtergrond ook ’n besondere rol in hoe hy Jesus se woorde hier na vore bring. Mattheus was vroeër ’n tollenaar. Ons lees van huis uit was hy die seun van Alfeus. Sommige het hom ook Levi genoem. In Mattheus 9 vers 9 staan Mattheus se roeping kort en kragtig- *9 Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My!” Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.*

Dis asof Mattheus net daar opgestaan het, uit sy ou beroep gestap het en Jesus begin volg het. Aangrypend, hy vra nie vrae nie, stel nie voorwaardes nie en op die einde is hy die Jood wat in God se Woord die besondere evangelie van Mattheus saamgestel het. Ons moet klem lê op die feit dat hy ’n Jood was want Mattheus maak besondere moeite om die Joodse gebruike en baie van die Ou-Testamentiese geskiedenis in Wie Jesus Christus vir ons is van toepassing te maak. Daarom wil ons ook aanvaar dat hulle vir wie Mattheus in die eerste plek geskryf het ook meeste Jode was wat tot die christelike geloof gekom het. Dis vir hierdie Joodse christene wat Mattheus uit Jesus se bergpreek daarop wys tel jou woorde en dink goed voor jy praat.

Jesus het aangetoon hoe ons met ons mond en tonge die sesde gebod kan oortree, want om iemand dié name te noem wat ons in vers 22 lees, dan maak ons vir onsself die poorte van die hel oop. Om iemand ’n gek te noem of jy sê vir jou broer *Raka* of jy noem hom/haar ’n dwaas is woorde wat God nie ongestraf sal laat nie. En dan sien ons hoe Mattheus God se Naam self met die grootste respek hanteer. Wie deur Mattheus werk sal agterkom dat Mattheus het iets van ’n heilige respek vir die gebod wat lees *ons mag God se Naam nie ydellik gebruik nie.* Mattheus respekteer die Joodse gebruik om God se direkte Naam eintlik so min as moontlik te gebruik

want sal ons dikwels in Mattheus die uitdrukking lees dat hy praat nie van die koninkryk van God nie, maar sal hy eerder verwys na die koninkryk van die hemele. Selfs as Mattheus na Jesus verwys dan is hy die evangelie-skrywer wat die meeste na Jesus verwys as die *Messias.*

Ons kom agter woorde is nie net woorde nie, woorde dra meer as net betekenis, woorde wat in die heilige teenwoordigheid van God gesê en gehoor kan word, moet werklik geweeg, getel en weer oorweeg word. Met woorde moet ons nie mors nie, soos ons ook nie met die liefde mag mors wat die sewende gebod sy heilige gewig gee nie.

Burgers van God se koninkryk werk mooi met die liefde en werk ook mooi met woorde, soveel te meer as my en jou woorde die toets van die waarheid moet deurstaan. Dit moet 'n geval wees van *jou ja* moet *jou ja* wees en *jou nee* moet *jou néé* wees. Hier laat Jesus ons in sy eerste preek duidelik verstaan dat hoe die Jode met die derde gebod draaie wou loop werk nie by God nie. Hulle was nou wel uiters versigtig om God se Naam direk te noem en het hulle by hulle eed swering ook nooit God se Naam direk genoem nie. As hulle 'n eed sou sweer dan het hulle gesê ek sweer by die hemel of by die aarde of by Jerusalem. Dit was asof hulle 'n rangorde vir hulle ede veronderstel het. 'n Ernstige eed is afgelê by die hemel, minder ernstig by die aarde en 'n heel ligter eed is by Jerusalem gesweer. Hulle het selfs geglo 'n eed so by Jerusalem en by die aarde afgelê is nie 'n bindende eed nie.

***

Jesus maak dit duidelik hierdie tipe draai kan daar nie by die derde gebod gemaak word nie. 'n Eed is 'n eed, daar is geen grade of rangorde in eed swering moontlik nie. Elke eed wat afgelê word, word God as getuie ingeroep. Hoe mooi stel Jesus se preek dit. As jy by die hemele sweer dan sweer jy by God se troon, sweer jy by die aarde, dan sweer jy by die rusplek van God se voete. As jy by Jerusalem sweer dan sweer jy by die stad van die groot Koning.

Dan besef ons as Jesus ons beveel dat ons glad nie 'n eed moet aflê nie, dan bedoel Hy beslis nie dat daar nie wel omstandighede kan wees wat my/jou daartoe kan verplig om te moet sweer nie. Sulke omstandighede kan daar beslis wees. Jesus het Self by verskeie geleenthede ook 'n eed afgelê. Ons belydenis in die Kategismus is ook baie nugter hieromtrent. Sondag 37 V/A 101 vra die vraag- ***Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?*** Dan antwoord ons-

**Ja, as die owerheid dit van sy onderdane eis of as die nood dit vereis om daardeur trou en waarheid te bevestig. Dit moet dan tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen word. Sodanige eedswering is op die Woord van God gegrond, en die gelowiges in die Ou en Nuwe Verbond het dit reg gebruik.**

Dit geld in 'n hof, of dalk selfs in 'n oorlog waar my woord iemand anders se lewe kan red. In so 'n geval dan is ek bereid om God my Getuie te maak dat wat nou gesê word, is die waarheid, die waarheid alleen en niks anders as net die waarheid nie. Dan word die eed tot eer van God en tot heil van ons naaste gedoen. Dit is die regte gebruik van die eed. Tog is die Kategismus nogal uitgebreid as dit handel rondom die aflê van 'n eed. V/A 102 vra ook die vraag in lyn ook met wat Jesus by eed swering afgewys het. ***Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?*** Ons antwoord: **Nee, want om 'n regte eed te sweer, beteken dat ek God aanroep as die enigste Kenner van die hart om vir die waarheid getuienis te gee en my te straf as ek vals sweer. Hierdie eer kom geen skepsel toe nie.**

Ons belydenis is oor die betekenis van 'n eed baie duidelik. Dit saam gelees met wat Jesus ook vroeër in sy preek gesê het in vers 20 - *Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*

Hierdie geregtigheid wat God van ons eis gaan beslis om die regte gebruik van God se Naam . Ook waar daar sovele films en toneelstukke en selfs in mense se manier van praat is dikwels skokkend hoe maklik en onnadenkend word God se Naam sommer net so genoem. So dikwels wil mens se nekhare rys as daar net geluister word hoe maklik word daar in God se Naam gevloek.

Die vloektaal skrei letterlik ten hemele maar wat ook vir ons moet uitstaan is hoe ons die waarheid in alles moet liefhê. Waarheid en liefde moet altyd saamgaan. Liefde sonder waarheid is sentimenteel maar tegelyk besef ons waarheid sonder liefde is brutaal. Daarom moet ons die waarheid praat enige oomblik van enige dag as dit van ons verwag word. Hoe dikwels bly mense stil as die waarheid van hulle eis geword. Ons wil dan nie ja of nee sê nie. So maklik vertel ons wat soms na verwys word as 'n wit leuentjie. Leuens moet op geen manier ons deel wees nie. Die

politiek is ’n terrein waar leuens gedy. Luister in hoe politieke partye nou weer met die naderende verkiesing in 2024 beloftes maak net om kiesers te lok. Bitter weinig van daardie beloftes word uitgevoer. Mense word na partye gelok met leuens en nogmaals leuens. Dit het eintlik baie moeilik geword om iemand se woord as net die waarheid te aanvaar. Psalm 116 vers 7 soos deur Totius berym het ’n baie skerp uitspraak as ons hoor *die mens se woord is enkel leuentaal*. Ook as Jesus voor Pilatus moes verskyn dan maak Jesus dit baie duidelik dat Hy ter wille van die waarheid na hierdie wêreld gekom het. Wanneer Jesus dit sê dan het Pilatus die skokkende vraag – *Wat is waarheid?* (Joh. 18:38). Pilatus wat ’n vername regsgeleerde was wat kopskuddend so ’n vraag vra... *Wat is waarheid?* Hy wag nie eers om te hoor wat Jesus sê nie.

Hy wat die waarheid is, Hy is die Christus. Hy openbaar Homself as die weg, die waarheid en die lewe. Daarom moet elkeen wat uit God gebore is en elkeen wat sê dat Hy ’n kind van God is ook die waarheid in alles najaag. As ons dit nie doen nie dan heilig ons God nie en dan eer ons ook nie sy Naam nie. Dan maak ons eintlik God se Naam goedkoop. Hoe maklik gebeur dit nie ook wanneer ons besef hoeveel klagtes in ons howe het met meineed verband. Dis waarom Jesus ons baie duidelik waarsku as daar ’n eed gesweer word moet dit met die grootste versigtigheid denkbaar gedoen word.

In die lewe buite die howe moet jou lewe eintlik een wees wat met ’n lewenslange eed aan God verbind is. Daarom is jou ja, ja en jou nee, nee. In alles was Jesus ook altyd aan die waarheid gebind. In ’n sekere sin het Jesus aan die kruis gehang omdat daar met soveel leuens teen Hom getuig is terwyl Hy net in alles die waarheid gepraat het. Hy het gepraat wat Hy is. Hy is die waarheid. Met die belofte van sy opstanding het Hy daardie Sondagoggend dit nog weer duidelik gemaak. Hy het waarlik opgestaan. Hy het die dood oorwin, Hy het na die hemele opgevaar en Hy sit aan die regterhand van God waar Hy nou vir ons in waarheid ons Voorspraak is, ons advokaat, die 2020 vertaling noem Hom uit die Grieks ons *parakleet.* Die Griekse vorm van om voorspraak te doen. Om waarlik vir die waarheid te getuig en Hy staan in vir ons.

Op aarde het ons ook Een wat in ons en vir ons vir die waarheid getuig. Hy is ons *parakleet* op aarde, die Heilige Gees. In Johannes 14 vv. 16-19 het Jesus groot dinge oor Homself en die Heilige Gees gesê- *16 En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ’n ander Trooster gee om by julle te bly tot*

*in ewigheid: 17 die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.*
*18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. 19 Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe*. Net twee hoofstukke verder, in Johannes 16 dan word Jesus se openbaring oor die Parakleet, oor die Heilige Gees net nog groter- Joh. 16: 7 – 11: *7 Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; 8 en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: 9 van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; 10 en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; 11 en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.*

Daarom besef ons vandag die Heilige Gees wat so wonderlik oor Jesus getuig en Jesus wat weer oor die Gees getuig stel ons in staat om ook altyd aan die kant van die waarheid te wees. In my woorde, in my somme en berekeninge, in my kontrakte. So maklik word mense verkul en skuil hulle agter leuens. Dit maak die wêreld 'n plek van soveel leuens. As jy berekend andere al ingedoen het, is daar net een manier om voor God dit te erken en die waarheid daarin te soek. Ons het n ja en 'n nee om op alle terreine in die lewe uit te leef.

Kom ons sluit af met die vrae- Watter invloed het my ja of my nee in my huwelik? Watter invloed het my ja of my nee in my werksplek? Watter invloed het my ja of my nee in my optrede teenoor my naaste? Watter invloed het my ja of my nee in my ampswerk of watter invloed het my ja of my nee in my betrokkenheid in die gemeente waarin God jou geplaas het?

Ten diepste het waarheid ook alles te make met jou en my hartsgesindheid. As ons hartsgesindheid reg is dan is dit nie swaar om die waarheid te praat en uit te leef nie. Dan is dit vir my 'n vreugde om in my huwelik, in my belydenisaflegging, in my doopbeloftes, in my bevestiging van die amp die waarheid uit te leef. As ek op hierdie terreine nie die ja uitleef wat ek voor God ja gesê het nie, dan word jou en my lewe die lewe van 'n leuen wêreld en iewers word die leuens dan net te veel. Mag die Here ons hierin naby wees. Mag die Heilige Gees ons nog altyd weer uitbring by

dit wat ja moet wees en dit wat nee moet wees.  Niks meer is nodig nie, trouens wat meer as dit is, is uit die bose.

AMEN